# HOOFSTUK 6

# EMPIRIESE NAVORSING

## 6.1 INLEIDING

Die empiriese ondersoek het ten doel om data te analiseer en te interpreteer. Die data in hierdie studie is primêr kwalitatief van aard en word as ordinaal geklassifiseer. Bepaalde statistiese tegnieke is in samewerking met die Departement Statistiek (Universiteit van Pretoria) gebruik in ’n ewekansige steekproef om bepaalde gevolgtrekkings te maak met betrekking tot die populasie as geheel. Dit word gedoen deur statistiese inferensies wat op grond van inligting van die elemente van die steekproef verkry is.

In hierdie navorsing is daar hoofsaaklik gebruik gemaak van beskrywende statistiek. Dit behels die opsomming van die data met behulp van frekwensietabelle en beskrywende maatstawwe soos die gemiddeld en mediaan.

Die Spearman rangkorrelasiekoëffisiënt is gebruik as 'n maatstaf van die sterkte van algemene verwantskappe tussen twee veranderlikes. Chi-kwadraat toetse gedoen om te kyk vir afhanklikheid. Die resultate op laasgenoemde toetse was egter nie betekenisvol nie en is dus nie in die empiriese hoofstuk ingesluit nie.

Die populasie waarop die studie hoofsaaklik betrekking het, is 309 predikante van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika waarvan 60% van die vraelyste vir finale verwerking in berekening gebring is. Die steekproef is ewekansig gedoen op ’n 1:3-basis. Die volgende gemeentes is in die steekproef genomineer:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Allanridge | Barberton | Benoryn | Bethlehem | Bloemhof |
| Bothaville | Brakpan-Harmonie | Brits | Carolina | Coligny |
| Declercqville | Dendron | Dordrecht | Dullstroom | Durban-Suid |
| Edenvale | Elandspoort | Empangeni | Ermelo-Suid | Gerdau |
| Gobabis | Grimbeekpark | Grootfontein | Harrismith | Hartebeespoort |
| Heilbron | Hentiesbaai Afd | Joachim Prinsloo | Johannesburg-Wes | Kathu |
| Kimberley | Klerksdorp-Oos Môrester | Koedoesrand | Kosmos | Kroonstad |
| Krugersdorp-Oos | Kuruman | Laeveld | Lichtenburg | Louis Trichardt |
| Magaliesburg | Makwassie | Marikana | Meyerspark | Middelburg |
| Molopo | Mosselbaai | Namib Suid | Newcastle | Nkana |
| Noordrand | Ogies | Oos Londen | Oranjemund | Otjiwarongo |
| Outeniqua | Parkrand | Phalaborwa | Piet Potgieter | Pietersburg |
| Poort | Potchefstroom | Potchefstroom Studente | Premiermyn | Pretoria Oos |
| Primrose | Randburg | Richardsbaai | Rietvallei | Roossenekal |
| Rustenburg | Rustenburg Suid | Sannieshof | Schoemansdal | Selcourt |
| Sionshoogte | Sonlandpark | Springs Oos | Steelpoort | Stilfontein |
| Strand | Swartkop | Theresapark | Turffontein | Utrecht |
| Vaalwater | Vanderbijlpark | Vanderkloof | Vereeniging | Villeria |
| Vivo | Vrede | Vryheid | Waterberg | Welgelegen Pietersburg |
| Weskus | Windhoek | Witbank Suid | Witpoortjie | Wolmaransstad |
| Wonderboom Suid | Zeerust | Zuurfontein | | |

Die gestruktureerde vraelyste is opgestel (sien addendum) en gekodeer in samewerking met die Departement Statistiek onder leiding van Me Jaqui

Sommerville. Die vrae is so gekategoriseer dat die vraelys sistematies 'n eenheid vorm.

'n Loodsstudie is gedoen onder 10 predikante wat hoofsaaklik binne die Ring van Heilbron funksioneer. Die vraelyste is op willekeurige wyse aan hierdie persone gegee vir voltooiing. Die doel van die loodsstudie was primêr om die akkuraatheid van die ingesamelde inligting te probeer verseker. In die proses is enige onduidelikhede uitgewys en gehelp om kategorieë te bepaal. Verder is bepaal of die vraelys effektief genoeg was en of die vrae duidelik verstaanbaar en beduidend was al dan nie.

Kritiese redigering van al die vraelyste was konsekwent nodig om onvolledige en onbetroubare vraelyste te elimineer.

## 6.2 PRIMÊRE FOKUSPUNTE MET BETREKKING TOT DIE VRAELYS

### 6.2.1 Profiel van respondente

Die steekproef word verteenwoordig deur 40 voltydse en 7 deeltydse predikante, waarvan 26 van die respondente jonger as 45 is, en 19 ouer as 45. 25 gemeentes het meer as 400 lidmate en 20 gemeentes minder as 400 lidmate.

#### 6.2.1.1 Groottes van die onderskeie gemeentes

| Vraag 2: Wat is die grootte van jou gemeente? (Lidmaattal)... | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **GROOTTE VAN GEMEENTES** | **FREKWENSIE** | **PERSENTASIE** | **KUMULATIEWE FREKWENSIE** | **KUMULATIEWE PERSENTASIE** |
| **70** | **2** | **4.44** | **2** | **4.44** |
| **100** | **1** | **2.22** | **3** | **6.67** |
| **112** | **1** | **2.22** | **4** | **8.89** |
| **148** | **1** | **2.22** | **5** | **11.11** |
| **159** | **1** | **2.22** | **6** | **13.33** |
| **200** | **1** | **2.22** | **7** | **15.56** |
| **209** | **1** | **2.22** | **8** | **17.78** |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 217 | 1 | 2.22 | 9 | 20 |
| 220 | 1 | 2.22 | 10 | 22.22 |
| 239 | 1 | 2.22 | 11 | 24.44 |
| 240 | 1 | 2.22 | 12 | 26.67 |
| 291 | 1 | 2.22 | 13 | 28.89 |
| 303 | 1 | 2.22 | 14 | 31.11 |
| 309 | 1 | 2.22 | 15 | 33.33 |
| 320 | 1 | 2.22 | 16 | 35.56 |
| 346 | 1 | 2.22 | 17 | 37.78 |
| 368 | 1 | 2.22 | 18 | 40 |
| 380 | 1 | 2.22 | 19 | 42.22 |
| 385 | 1 | 2.22 | 20 | 44.44 |
| 433 | 1 | 2.22 | 21 | 46.67 |
| 497 | 1 | 2.22 | 22 | 48.89 |
| 500 | 1 | 2.22 | 23 | 51.11 |
| 517 | 1 | 2.22 | 24 | 53.33 |
| 520 | 1 | 2.22 | 25 | 55.56 |
| 530 | 1 | 2.22 | 26 | 57.78 |
| 570 | 1 | 2.22 | 27 | 60 |
| 574 | 1 | 2.22 | 28 | 62.22 |
| 584 | 1 | 2.22 | 29 | 64.44 |
| 627 | 1 | 2.22 | 30 | 66.67 |
| 648 | 1 | 2.22 | 31 | 68.89 |
| 649 | 1 | 2.22 | 32 | 71.11 |
| 665 | 1 | 2.22 | 33 | 73.33 |
| 689 | 1 | 2.22 | 34 | 75.56 |
| 700 | 1 | 2.22 | 35 | 77.78 |
| 800 | 1 | 2.22 | 36 | 80 |
| 807 | 1 | 2.22 | 37 | 82.22 |
| 820 | 1 | 2.22 | 38 | 84.44 |
| 860 | 1 | 2.22 | 39 | 86.67 |
| 932 | 1 | 2.22 | 40 | 88.89 |
| 943 | 1 | 2.22 | 41 | 91.11 |
| 957 | 1 | 2.22 | 42 | 93.33 |
| 1013 | 1 | 2.22 | 43 | 95.56 |
| 1030 | 1 | 2.22 | 44 | 97.78 |
| 1128 | 1 | 2.22 | 45 | 100 |

#### 6.2.1.2 Ouderdomsprofiel van die respondente

| Vraag 3: Wat is die ouderdom van die predikant? (Respondent)… | | | | |
|---|---|---|---|---|
| OUDEROM VAN PREDIKANTE | FREKWENSIE | PERSENTASIE | KUMULATIEWE FREKWENSIE | KUMULATIEWE PERSENTASIE |
| 29 | 1 | 2.22 | 1 | 2.22 |
| 33 | 1 | 2.22 | 2 | 4.44 |
| 34 | 1 | 2.22 | 3 | 6.67 |
| 36 | 1 | 2.22 | 4 | 8.89 |
| 37 | 2 | 4.44 | 6 | 13.33 |
| 38 | 4 | 8.89 | 10 | 22.22 |
| 39 | 4 | 8.89 | 14 | 31.11 |
| 41 | 4 | 8.89 | 18 | 40 |
| 42 | 6 | 13.33 | 24 | 53.33 |
| 43 | 2 | 4.44 | 26 | 57.78 |
| 45 | 1 | 2.22 | 27 | 60 |
| 46 | 3 | 6.67 | 30 | 66.67 |
| 48 | 2 | 4.44 | 32 | 71.11 |
| 50 | 1 | 2.22 | 33 | 73.33 |
| 51 | 1 | 2.22 | 34 | 75.56 |
| 52 | 2 | 4.44 | 36 | 80 |
| 54 | 1 | 2.22 | 37 | 82.22 |
| 58 | 2 | 4.44 | 39 | 86.67 |
| 59 | 2 | 4.44 | 41 | 91.11 |
| 62 | 2 | 4.44 | 43 | 95.56 |
| 63 | 1 | 2.22 | 44 | 97.78 |
| 65 | 1 | 2.22 | 45 | 100 |

## 6.3 INLEIDENDE OPMERKINGS MET BETREKKING TOT DIE BESKRYWING VAN DATA

Belangrike aannames is veronderstel met betrekking tot die interpretasie van statistiese gegewens:

- Frekwensie:

Die voortdurende herhaling van 'n handeling of gebeure.

- Gemiddeld:

Die rekenkundige gemiddeld is die bekendste maatstaf van lokaliteit.

- Mediaan:

Die mediaan is 'n lokaliteitsmaatstaf. Die mediaan van *n* waarnemings word gedefinieer as die (n+1)/2 de waarde in die skikking.

- Staandaardafwyking:

Die afwyking van elke waarde vanaf 'n vaste verwysingspunt.

- Die Spearman rangkorrelasiekoëffisiënt word gebruik as 'n maatstaf van die sterkte van algemene verwantskap tussen twee veranderlikes.

### 6.3.1 Vraag 4

| Vraag 4: Het julle gemeente sekerheid oor julle rol in die samelewing? (Oor julle unieke identiteit – wie en wat julle is en waarmee julle besig moet wees) | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | **FREKWENSIE** | **PERSENTASIE** | **KUMULATIEWE FREKWENSIE** | **KUMULATIEWE PERSENTASIE** |
| **Nee** | **9** | **19.15** | **9** | **19.15** |
| **Ja** | **30** | **63.83** | **39** | **82.98** |
| **Ja Beslis** | **8** | **17.02** | **47** | **100** |

81% van die respondente het aangedui dat hulle sekerheid het met betrekking tot hul eie unieke identiteit. Elke gemeente sal moet verstaan dat "identiteit" in wese Christus-goriënteerd moet wees. "Wie" en "wat" 'n gemeente is behoort geheel en al op die werk, lewe en sterwe van Christus gebou te wees. Die tweede kritiese saak met betrekking tot gemeentelike identiteit is die kontekstuele aard daarvan.

### 6.3.2 Vraag 5

| Vraag 5: Is gemeentelike vernuwing in jou gemeente noodsaaklik? | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | **FREKWENSIE** | **PERSENTASIE** | **KUMULATIEWE FREKWENSIE** | **KUMULATIEWE PERSENTASIE** |
| **Nee** | **3** | **6.38** | **3** | **6.38** |
| **Ja** | **23** | **48.94** | **26** | **55.32** |
| **Ja Beslis** | **21** | **44.68** | **47** | **100** |

94% van die respondente het duidelik aangedui dat gemeentelike vernuwing in die Nederduitsch Hervormde Kerk noodsaaklik is. Doelgerigte, dog effektiewe veranderingsprosesse kan hier 'n beduidende rol speel. Die bestuur van verandering is 'n wetenskaplike proses wat sistematies en berekenend geskied.

### 6.3.3 Vraag 6

| Vraag 6: Sou effektiewe leierskap 'n gemeente daartoe kon begelei om sinvol te vernuwe? | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | **FREKWENSIE** | **PERSENTASIE** | **KUMULATIEWE FREKWENSIE** | **KUMULATIEWE PERSENTASIE** |
| **Nee** | **1** | **2.13** | **1** | **2.13** |
| **Ja** | **25** | **53.19** | **26** | **55.32** |
| **Ja Beslis** | **21** | **44.68** | **47** | **100** |

Op die vraag of effektiewe leierskap 'n gemeente daartoe kan begelei om sinvol te vernuwe, is die antwoord kategories "Ja". Leierskap sal as dissipline gevestig moet word binne die opleiding van predikante en derhalwe so gestruktureer word dat alle predikante toegerus sal wees om die omvang van leierskap te begryp.

### 6.3.4 Vraag 7

| Vraag 7: Is daar in julle gemeente ’n direkte verband tussen “strategie” en “struktuur”? (M.a.w., help die huidige struktuur van die gemeente julle om julle visie uit te leef?) | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | **FREKWENSIE** | **PERSENTASIE** | **KUMULATIEWE FREKWENSIE** | **KUMULATIEWE PERSENTASIE** |
| **Beslis nie** | **1** | **2.13** | **1** | **2.13** |
| **Nee** | **13** | **27.66** | **14** | **29.79** |
| **Ja** | **27** | **57.45** | **41** | **87.23** |
| **Ja beslis** | **6** | **12.77** | **47** | **100** |

Daar behoort ’n direkte verband te bestaan tussen strategie en struktuur. Passing tussen strategie en struktuur behoort konsekwent toegepas te word. Struktuur begelei strategie en geen struktuur kan doelgerig funksioneer sonder ’n goed gedefinieerde strategie nie. Die struktuur binne die gemeente word die kanaal waardeur die gemeentelike visie tot uitvoer gebring word.

### 6.3.5 Vraag 8

| Vraag 8: Beleef jy die verhouding tussen Kerk en samelewing as ’n spanningsverhouding? | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | **FREKWENSIE** | **PERSENTASIE** | **KUMULATIEWE FREKWENSIE** | **KUMULATIEWE PERSENTASIE** |
| **Nee** | **14** | **29.79** | **14** | **29.79** |
| **Ja** | **21** | **44.68** | **35** | **74.47** |
| **Ja Beslis** | **12** | **25.53** | **47** | **100** |

70% van die respondente het aangedui dat die verhouding tussen Kerk en samelewing as ’n spanningsverhouding beleef word. Die Kerk mag derhalwe nie van die samelewing geïsoleer word nie. Die gemeente moet verstaan dat gemeentelike groei in hierdie bipolêre spanningsverhouding

opgesluit lê. Gesonde interaksie tussen Kerk en samelewing behoort daartoe te lei dat die Kerk sinvol ontsluit en bepaald vorm aanneem

### 6.3.6 Vraag 9

| Vraag 9: Is daar in jou gemeente 'n groter sensitiwiteit nodig vir mense met andersoortige denke en perspektiewe? | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | **FREKWENSIE** | **PERSENTASIE** | **KUMULATIEWE FREKWENSIE** | **KUMULATIEWE PERSENTASIE** |
| **Nee** | **10** | **21.28** | **10** | **21.28** |
| **Ja** | **29** | **61.7** | **39** | **82.98** |
| **Ja Beslis** | **8** | **17.02** | **47** | **100** |

70% van die respondente het aangedui dat daar op gemeentelike vlak groter sensitiwiteit nodig is vir mense met andersoortige denke en perspektiewe. Een van die kenmerke van die postmoderne samelewing is die sensitiwiteit vir pluraliteit en die akkommodering van diversiteit.

### 6.3.7 Vraag 10

| Vraag 10: Is jou gemeente in voeling met die problematiek in ons samelewing (bv. Vigs, homoseksualiteit, armoede, geweld, ens.)? | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | **FREKWENSIE** | **PERSENTASIE** | **KUMULATIEWE FREKWENSIE** | **KUMULATIEWE PERSENTASIE** |
| **Beslis nie** | **2** | **4.26** | **2** | **4.26** |
| **Nee** | **6** | **12.77** | **8** | **17.02** |
| **Ja** | **35** | **74.47** | **43** | **91.49** |
| **Ja beslis** | **4** | **8.51** | **47** | **100** |

Gesonde interaksie en wisselwerking met die eksterne omgewing sal daartoe lei dat gemeentes baie meer in voeling is met die problematiek van ons samelewing. Alle sisteme is in wese oop sisteme, en daarom kan geen gemeentes nie meer in isolasie bestaan nie.

### 6.3.8 Vraag 11

| Vraag 11: Kommunikeer jou gemeente duidelik en effektief genoeg met die sogenaamde postmoderne jeug (die jongmense van vandag)? | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | **FREKWENSIE** | **PERSENTASIE** | **KUMULATIEWE FREKWENSIE** | **KUMULATIEWE PERSENTASIE** |
| **Beslis nie** | **1** | **2.13** | **1** | **2.13** |
| **Nee** | **25** | **53.19** | **26** | **55.32** |
| **Ja** | **18** | **38.3** | **44** | **93.62** |
| **Ja beslis** | **3** | **6.38** | **47** | **100** |

Op die vraag of die gemeentes duidelik en effektief genoeg kommunikeer met die sogenaamde postmoderne jeug, het 55% van die respondente aangedui dat hierdie kommunikasie nie op standaard is nie. Predikers behoort met groter sensitiwiteit rekening te hou met die behoeftes en die postmoderne ingesteldheid van die jeug en moet hermeneuties verantwoordbaar bly ten opsigte van hierdie bevolkingsgroep.

Ten opsigte van die lidmaatstatistiek binne die Nederduitse Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (verwys na hoofstuk 4.4), verteenwoordig die afname in dooplidmate die grootste persentasie afname die afgelope 21 jaar, naamlik 65%.

### 6.3.9 Vraag 12

| Vraag 12: Hou die prediking in 'n postmoderne samelewing – wat inhoud en styl en vormgewing betref – (in jou spesifieke gemeente) rekening met die lidmate se behoeftes? | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | **FREKWENSIE** | **PERSENTASIE** | **KUMULATIEWE FREKWENSIE** | **KUMULATIEWE PERSENTASIE** |
| **Nee** | **4** | **8.51** | **4** | **8.51** |
| **Ja** | **31** | **65.96** | **35** | **74.47** |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Ja Beslis** | **12** | **25.53** | **47** | **100** |

Spesifiek met betrekking tot die prediking ten opsigte van die postmoderne jeug, het 55% van die respondente in die vorige vraag aangedui dat die prediking nie rekening hou met die postmoderne jeug nie.

Op die vraag of die prediking – wat inhoud, styl en vormgewing betref, wel rekening hou met lidmate se behoeftes, het 91% aangedui dat daar wel rekening gehou word met lidmate se behoeftes. Dit is positief dat 'n groot aantal gemeentes reeds hul eredienste begin aanpas het om die behoeftes van lidmate te akkommodeer.

**6.3.10 Vraag 13**

| Vraag 13: Is jy tevrede/gemaklik met die huidige rigting/koers van jou gemeente? | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | **FREKWENSIE** | **PERSENTASIE** | **KUMULATIEWE FREKWENSIE** | **KUMULATIEWE PERSENTASIE** |
| **Beslis nie** | **2** | **4.26** | **2** | **4.26** |
| **Nee** | **11** | **23.4** | **13** | **27.66** |
| **Ja** | **29** | **61.7** | **42** | **89.36** |
| **Ja beslis** | **5** | **10.64** | **47** | **100** |

72% van die respondente het aangedui dat hulle tevrede is met die huidige rigting van hulle gemeentes. Leierskap impliseer rigting, en derhalwe behoort leiers verantwoordelikheid te neem vir die rigting en die koers waarin die gemeente gestuur word.

### 6.3.11 Vraag 14

| Vraag 14: Bestaan daar 'n verband tussen die visie van jou gemeente en die lewensvatbaarheid daarvan? | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | **FREKWENSIE** | **PERSENTASIE** | **KUMULATIEWE FREKWENSIE** | **KUMULATIEWE PERSENTASIE** |
| **Nee** | **5** | **10.64** | **5** | **10.64** |
| **Ja** | **32** | **68.09** | **37** | **78.72** |
| **Ja Beslis** | **10** | **21.28** | **47** | **100** |

Daar blyk 'n duidelike verband te wees tussen die visie van 'n spesifieke gemeente en die lewensvatbaarheid van daardie gemeente. Gemeentes het soos alle lewende organismes 'n relatiewe lewensiklus. 'n Goed gedefinieerde visie kan die gemeente as lewende organisme sodanig begelei dat hierdie relatiewe lewensiklus oor tyd heen verleng word.

### 6.3.12 Vraag 15

| Vraag 15: Aanvaar die gemeente voldoende teologiese verantwoordelikheid vir eietydse vraagstukke in die samelewing? | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | **FREKWENSIE** | **PERSENTASIE** | **KUMULATIEWE FREKWENSIE** | **KUMULATIEWE PERSENTASIE** |
| **Nee** | **19** | **40.43** | **19** | **40.43** |
| **Ja** | **26** | **55.32** | **45** | **95.74** |
| **Ja Beslis** | **2** | **4.26** | **47** | **100** |

40% van die respondente het aangedui dat hulle nie tevrede is met die teologiese verantwoordelikheid vir eietydse vraagstukke in die samelewing nie. Die Kerk behoort met die nodige sensitiwiteit kennis te neem van die problematiek van die samelewing waarin sy haarself bevind.

**6.3.13 Vraag 16**

| Vraag 16: Is die gemeente se bestaansdoel duidelik in die visie en missie van julle gemeente geformuleer? | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | **FREKWENSIE** | **PERSENTASIE** | **KUMULATIEWE FREKWENSIE** | **KUMULATIEWE PERSENTASIE** |
| **Beslis nie** | **2** | **4.26** | **2** | **4.26** |
| **Nee** | **11** | **23.4** | **13** | **27.66** |
| **Ja** | **22** | **46.81** | **35** | **74.47** |
| **Ja beslis** | **12** | **25.53** | **47** | **100** |

Die bestaansdoel van die gemeente behoort duidelik deur die visie en missie van die gemeente omskryf te word. ’n Missionele gemeente is ’n gemeente met ’n duidelike bestaansdoel. Daardie bestaansdoel is die rede waarvoor, waarom en waardeur elke gemeente behoort te bestaan.

**6.3.14 Vraag 17**

| Vraag 17: Beskou jy julle gemeente as ’n simbool van God se “nuwe gemeenskap” en word hierdie werklikheid in die wêreld gereflekteer? | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | **FREKWENSIE** | **PERSENTASIE** | **KUMULATIEWE FREKWENSIE** | **KUMULATIEWE PERSENTASIE** |
| **Beslis nie** | **1** | **2.13** | **1** | **2.13** |
| **Nee** | **12** | **25.53** | **13** | **27.66** |
| **Ja** | **31** | **65.96** | **44** | **93.62** |
| **Ja beslis** | **3** | **6.38** | **47** | **100** |

28% van die respondente het aangetoon dat hulle nie die gemeente beskou as simbool van God se “nuwe gemeenskap” in hierdie wêreld nie. Elke gemeente behoort volgens Nel (1994:11) ’n deursigtige vertoonvenster te wees op die Koninkryk van God.

Die gemeente moet bewus wees van die gaping wat daar bestaan tussen die gemeente as gedefinieerde subjek (die gemeente volgens die doel wat God daarmee het) en gemeente as empiriese subjek (die werklike gemeente soos dit op ’n bepaalde plek en tyd bestaan en funksioneer) (Nel 1994:12). Die proses van gemeentebou en gemeentelike vernuwing het ten doel om die gemeente te begelei om te verstaan dat hulle Kerk van God moet wees: ’n Kerk soos God bedoel het om te wees.

**6.3.15 Vraag 18**

| Vraag 18: Leef julle gemeente te veel geïsoleerd? | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | **FREKWENSIE** | **PERSENTASIE** | **KUMULATIEWE FREKWENSIE** | **KUMULATIEWE PERSENTASIE** |
| **Beslis nie** | **1** | **2.13** | **1** | **2.13** |
| **Nee** | **25** | **53.19** | **26** | **55.32** |
| **Ja** | **18** | **38.3** | **44** | **93.62** |
| **Ja beslis** | **3** | **6.38** | **47** | **100** |

Op die vraag of hulle gemeentes te veel geïsoleerd leef, het 55% van die respondente “nee” geantwoord. 45% het egter wel bevestig dat hulle te veel geïsoleerd leef. Die lewensiklusbenadering met betrekking tot Kerkwees dui baie sterk daarop dat ’n bepaalde gemeente nie geïsoleerd kan leef nie. In ’n wêreld van kompleksiteit soos waarin ons leef, is isolasie bloot ’n illusie.

**6.3.16 Vraag 19**

| Vraag 19: Is julle gemeente dinamies in interaksie met die omgewing/konteks waarbinne julle werk en leef? | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | **FREKWENSIE** | **PERSENTASIE** | **KUMULATIEWE FREKWENSIE** | **KUMULATIEWE PERSENTASIE** |
| **Nee** | **19** | **40.43** | **19** | **40.43** |
| **Ja** | **25** | **53.19** | **44** | **93.62** |
| **Ja** | **3** | **6.38** | **47** | **100** |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Beslis** | | | | |

Die ontluikende Kerk is 'n Kerk wat in terme van haar konteks en eksterne omgewing ontsluit. Gemeentes kan en mag nie langer geïsoleerd funksioneer nie. Leierskap is die proses waardeur brûe gebou word tussen Kerk en samelewing, en leierskap fasiliteer en integreer hierdie wisselwerking.

### 6.3.17 Vraag 20

| Vraag 20: Sou jy dit as belangrik beskou om die nodige strukturele aanpassings te maak (indien nodig) om meer effektief gemeente van Jesus Christus te wees? | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | **FREKWENSIE** | **PERSENTASIE** | **KUMULATIEWE FREKWENSIE** | **KUMULATIEWE PERSENTASIE** |
| **Nee** | **3** | **6.38** | **3** | **6.38** |
| **Ja** | **21** | **44.68** | **24** | **51.06** |
| **Ja Beslis** | **23** | **48.94** | **47** | **100** |

94% van die respondente is bereid om die nodige strukturele aanpassings te maak om meer effektief gemeente van Jesus Christus te wees. Vorm en essensie is voortdurend in wisselwerking met mekaar. Dit sou dus krities wees om wel die nodige vormverwante aanpassings te kon maak.

### 6.3.18 Vraag 21

| Vraag 21: Sou effektiewe leierskap in jou gemeente 'n sinvolle bydrae kon lewer tot konstruktiewe gemeentebou? | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | **FREKWENSIE** | **PERSENTASIE** | **KUMULATIEWE FREKWENSIE** | **KUMULATIEWE PERSENTASIE** |
| **Nee** | **1** | **2.13** | **1** | **2.13** |
| **Ja** | **20** | **42.55** | **21** | **44.68** |
| **Ja Beslis** | **26** | **55.32** | **47** | **100** |

98% van die respondente het aangedui dat effektiewe leierskap ’n sinvolle bydrae kon lewer tot konstruktiewe gemeentebou. Dit is daarom in alle opsigte krities dat leierskap in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika sodanig ontwikkel word dat konstruktiewe gemeentebou kan plaasvind.

**6.3.19 Vraag 22**

| Vraag 22: Kan die voorkoms van ’n gemeente in ’n bepaalde konteks verander/wissel? | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | **FREKWENSIE** | **PERSENTASIE** | **KUMULATIEWE FREKWENSIE** | **KUMULATIEWE PERSENTASIE** |
| **Nee** | **1** | **2.13** | **1** | **2.13** |
| **Ja** | **26** | **55.32** | **27** | **57.45** |
| **Ja Beslis** | **20** | **42.55** | **47** | **100** |

Leierskap het in wese ’n vormgewende aard. Soos leieskap verander en vernuwe, behoort die voorkoms van ’n bepaalde gemeente ook te verander. 98% van die respondente het aangetoon dat die voorkoms van ’n gemeente kan verander.

**6.3.20 Vraag 23**

| Vraag 23: Het jy sekerheid oor jou spesifieke leierskapstyl/profiel? | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | **FREKWENSIE** | **PERSENTASIE** | **KUMULATIEWE FREKWENSIE** | **KUMULATIEWE PERSENTASIE** |
| **Beslis nie** | **2** | **4.26** | **2** | **4.26** |
| **Nee** | **5** | **10.64** | **7** | **14.89** |
| **Ja** | **29** | **61.7** | **36** | **76.6** |
| **Ja beslis** | **11** | **23.4** | **47** | **100** |

Terwyl 64% van die respondente in vraag 30 aangedui het dat hulle nie ’n selfrapporteringsvraelys voltooi het met die doel om hul leierskapstyl te

bepaal nie, het 85% egter aangedui dat hulle wel sekerheid het oor hulle spesifieke leierskapstyl.

**6.3.21 Vraag 24**

| Vraag 24: Bestaan daar enige verband tussen leierskap en "rigting"? | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | **FREKWENSIE** | **PERSENTASIE** | **KUMULATIEWE FREKWENSIE** | **KUMULATIEWE PERSENTASIE** |
| **Nee** | **2** | **4.26** | **2** | **4.26** |
| **Ja** | **21** | **44.68** | **23** | **48.94** |
| **Ja Beslis** | **24** | **51.06** | **47** | **100** |

Leierskap het in wese niks te doen met 'n bepaalde posisie wat iemand beklee nie. Leierskap is 'n proses wat ten doel het om mense in 'n bepaalde rigting te stuur/te beweeg.

**6.3.22 Vraag 25**

| Vraag 25: Is die ontwikkeling van gemeentelike leierskap nodig vir die opbou van jou gemeente? | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | **FREKWENSIE** | **PERSENTASIE** | **KUMULATIEWE FREKWENSIE** | **KUMULATIEWE PERSENTASIE** |
| **Ja** | **27** | **57.45** | **27** | **57.45** |
| **Ja beslis** | **20** | **42.55** | **47** | **100** |

Gemeentelike leierskap moet sodanig ontwikkel word dat die gemeente se vorm en voorkoms daardeur gefatsoeneer word.

### 6.3.23 Vraag 26

| Vraag 26: Het die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika volgens jou mening 'n beperkte lewensiklus? ("Lewensiklus" is die somtotaal van sake, soos die ontstaan; groei; ontwikkeling & agteruitgang van 'n bepaalde gemeente.) | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | **FREKWENSIE** | **PERSENTASIE** | **KUMULATIEWE FREKWENSIE** | **KUMULATIEWE PERSENTASIE** |
| **Beslis nie** | **9** | **19.15** | **9** | **19.15** |
| **Nee** | **26** | **55.32** | **35** | **74.47** |
| **Ja** | **11** | **23.4** | **46** | **97.87** |
| **Ja beslis** | **1** | **2.13** | **47** | **100** |

74% van die respondente het aangedui dat die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika nie 'n beperkte lewensiklus het nie, waar "lewensiklus" verstaan word as die somtotaal van sake soos die ontstaan; groei; ontwikkeling en agteruitgang van 'n bepaalde gemeente. Wanneer die lidmaatstatistiek van die Nederduitse Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in ag geneem word, wil dit egter wel voorkom of die Kerk 'n beperkte lewensiklus het.

Indien die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika aan hulself as staties en geïsoleerd dink, is ek daarvan oortuig dat die lidmaattal in die volgende paar dekades op 'n deurlopende basis sal afneem. Die Kerk is in terme van alles wat sy doen gerig op 'n wêreld daarbuite. Die potensiaal van gemeentegroei lê dus geheel en al buite die sfeer van Kerkwees. Gesonde dinamiese interaksie met haar konteks sal lei tot sinvolle ontsluiting, en hierin lê die potensiaal van groei opgesluit.

### 6.3.24 Vraag 27

| Vraag 27: Het julle gemeente 'n beperkte lewensiklus? | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | **FREKWENSIE** | **PERSENTASIE** | **KUMULATIEWE FREKWENSIE** | **KUMULATIEWE PERSENTASIE** |
| **Beslis nie** | **12** | **25.53** | **12** | **25.53** |
| **Nee** | **27** | **57.45** | **39** | **82.98** |
| **Ja** | **8** | **17.02** | **47** | **100** |

In aansluiting by die vorige vraag meld 74% van die respondente dat hul gemeentes wel 'n beperkte lewensiklus het; en die Kerk is tog die somtotaal van al die gemeentes in die Kerk.

### 6.3.25 Vraag 28

| Vraag 28: Is dit moontlik om verandering in die Kerk effektief te bestuur? | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | **FREKWENSIE** | **PERSENTASIE** | **KUMULATIEWE FREKWENSIE** | **KUMULATIEWE PERSENTASIE** |
| **Ja** | **30** | **63.83** | **30** | **63.83** |
| **Ja beslis** | **17** | **36.17** | **47** | **100** |

Die respondente is oortuig daarvan dat "verandering" inderdaad effektief bestuur kan word.

### 6.3.26 Vraag 29

| Vraag 29: Is verandering in julle gemeente noodsaaklik? | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | **FREKWENSIE** | **PERSENTASIE** | **KUMULATIEWE FREKWENSIE** | **KUMULATIEWE PERSENTASIE** |
| **Beslis nie** | **1** | **2.13** | **1** | **2.13** |
| **Nee** | **3** | **6.38** | **4** | **8.51** |
| **Ja** | **32** | **68.09** | **36** | **76.6** |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Ja beslis** | **11** | **23.4** | **47** | **100** |

Die Kerk bevind haarself in 'n veranderende wêreld. 91% van die respondente het inderdaad aangetoon dat verandering in hulle gemeentes noodsaaklik is.

**6.3.27 Vraag 30**

| Vraag 30: Het jy al 'n Myers Briggs Type Indicator® Selfrapporteringsvraelys voltooi met die doel om jou leierskapstyl te bepaal? | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | **FREKWENSIE** | **PERSENTASIE** | **KUMULATIEWE FREKWENSIE** | **KUMULATIEWE PERSENTASIE** |
| **Ja** | **17** | **36.17** | **17** | **36.17** |
| **Nee** | **30** | **63.83** | **47** | **100** |

Die Myers Briggs Type Indicator® (MBTI) is 'n selfrapporteringsvraelys wat ontwerp is om Carl Jung se teorie oor psigologiese tipes vir die alledaagse lewe toeganklik te maak. Die kern van Jung se teorie berus op sy aannames rondom denkaktiwiteite. Volgens Jung beoefen ons twee denkaktwiteite: die inneem van informasie (waarneming) en die organisering van daardie informasie (besluitneming) (Smit - Die Myers-Briggs Type Indicator® Afrikaanse Kortbegrip:2).

Temperament is sekerlik een van die gewildste toepassings van die MBTI. In die verstaan en toepassing van leierskapstyle is die MBTI 'n praktiese dog effektiewe instrument.

**6.3.28 Vraag 31**

Vraag 31 vra van die respondente om enige ander leierskapanalise te spesifiseer waardeur hulle hulle leierskapstyl kon identifiseer: Die MBTI® is die enigste instrumente waarna die respondente in die vraelys verwys het.

**6.3.29 Vraag 32**

| Vraag 32: Watter een van die volgende twee beskrywings beskryf die beeld (voorkoms) van Kerkwees die beste in 'n nuwe samelewing? | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | **FREKWENSIE** | **PERSENTASIE** | **KUMULATIEWE FREKWENSIE** | **KUMULATIEWE PERSENTASIE** |
| **Verhoudings -netwerk** | **43** | **91.49** | **43** | **91.49** |
| **Struktuur** | **4** | **8.51** | **47** | **100** |

In die wêreld van verandering en transformasie is die meganiese perspektief op Kerkwees beperkend en inhiberend. Daarenteen plaas 'n organiese benadering 'n sterker fokus op die relasionele aard en funksionering van die Kerk. 91% van die respondente het aangetoon dat die voorkoms van die Kerk in 'n nuwe samelewing beskryf kan word as 'n verhoudingsnetwerk. Die implikasie hiervan is dat die Kerk in terme van die konteks waarin sy haar bevind baie meer oop en toeganklik behoort te wees.

**6.3.30 Vraag 33**

| Vraag 33-1: Waar lê die primêre fokus van leierskap in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika ten opsigte van die Algemene Kommissie? | | | |
|---|---|---|---|
| FREKWENSIE | PERSENTASIE | KUMULATIEWE FREKWENSIE | KUMULATIEWE PERSENTASIE |
| **16** | **100** | **57** | **100** |
| Vraag 33-2: Waar lê die primêre fokus van leierskap in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika ten opsigte van die Ringskommissie? | | | |
| FREKWENSIE | PERSENTASIE | KUMULATIEWE FREKWENSIE | KUMULATIEWE PERSENTASIE |
| **2** | **100** | **57** | **100** |
| Vraag 33-3: Waar lê die primêre fokus van leierskap in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika ten opsigte van die Kerkraad? | | | |
| FREKWENSIE | PERSENTASIE | KUMULATIEWE FREKWENSIE | KUMULATIEWE PERSENTASIE |
| **10** | **100** | **47** | **100** |
| Vraag 33-4: Waar lê die primêre fokus van leierskap in die Nederduitsch | | | |

| Hervormde Kerk van Afrika ten opsigte van die predikant/-e? | | | |
|---|---|---|---|
| FREKWENSIE | PERSENTASIE | KUMULATIEWE FREKWENSIE | KUMULATIEWE PERSENTASIE |
| **17** | **100** | **47** | **100** |
| Vraag 33-5: Waar lê die primêre fokus van leierskap in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika ten opsigte van die ouderlingevergadering? | | | |
| FREKWENSIE | PERSENTASIE | KUMULATIEWE FREKWENSIE | KUMULATIEWE PERSENTASIE |
| **8** | **100** | **47** | **100** |
| Vraag 33-6: Waar lê die primêre fokus van leierskap in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika ten opsigte van die lidmate? | | | |
| FREKWENSIE | PERSENTASIE | KUMULATIEWE FREKWENSIE | KUMULATIEWE PERSENTASIE |
| **4** | **100** | **47** | **100** |

Leierskap realiseer (in rang orde) hoofsaaklik op die volgende drie vlakke in die Kerk: predikante, Algemene Kommissie en die Kerkrade; en daarna by die ouderlingevergadering, lidmate en die Ringskommissie. Die presbiteraal-sinodale Kerkregering impliseer en veronderstel tog baie duidelik dat die Kerkraad die primêre vergadering in die Kerk is en dat die Ringskommissie en die Algemene Kerkvergadering dan as meerdere vergaderings funksioneer. Leierskap word inderdaad te veel gelokaliseer in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.

Dit is nodig dat leierskap kollektief en geïntegreerd tot stand kom. Elke lidmaat in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika behoort die verantwoordelikheid en eienaarskap te aanvaar vir wie en wat die Kerk in wese is.

**6.3.31 Vrae 34-38**

Dit blyk asof daar 'n swak positiewe verwantskap is tussen vraag 33 en vraag 37. Op grond van die Spearman-rangkorrelasiekoëffisiënt moet kennis geneem word van die feit dat daar geen verwantskap tussen vraag 33 en vraag 38 is nie.

| | |
|---|---|
| Op 'n skaal van 1-10 (1-Glad nie & 10-Ja beslis) | |
| Vraag 34: Hoe betekenisvol is strategiese beplanning vir jou gemeente? | |
| Gemiddeld: 7.85 | Mediaan: 8 |
| Op 'n skaal 1-10 (1-Geen invloed & 1-Sterk invloed) | |
| Vraag 35: Het die kompleksiteit van verandering (in die wêreld/RSA/julle spesifieke gemeenskap) die wyse waarop julle gemeente tans funksioneer beïnvloed? | |
| Gemiddeld: 7.38 | Mediaan: 8 |
| Op 'n skaal van 1-10 (1-Glad nie & 10-Ja beslis) | |
| Vraag 36: Hoe noodsaaklik is dit om die styl en die orde van die erediens aan te pas by 'n postmoderne konteks? | |
| Gemiddeld: 7.75 | Mediaan: 8 |
| Vraag 37: Hoe effektief is leierskap oor die algemeen in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika? | |
| Gemiddeld: 5.45 | Mediaan: 6 |
| Vraag 38: Hoe effektief is leierskap in julle gemeente? | |
| Gemiddeld: 6.38 | Mediaan: 7 |

## 6.4 SAMEVATTING

In die probleemstelling word daar duidelik aangedui dat die Kerk haar rol in 'n komplekse en steeds veranderende samelewing moet herdefinieer. 70% van die respondente het aangedui dat Kerk en samelewing in 'n bipolêre spanningsverhouding tot mekaar staan.

94% van die Respondente het aangedui dat gemeentelike vernuwing en verandering (vraag 29) in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika noodsaaklik is. Op grond van my navorsingsresultate bestaan daar tans in die Kerk 'n openheid ten opsigte van verandering en vernuwing. 94% van die respondente is selfs ook bereid om die nodige strukturele aanpassings te maak om sodoende meer effektief Kerk van Jesus Christus te wees.

91% van die respondente beskou die Kerk as 'n relasionele werklikheid. Teenoor hierdie werklikheid is dit tog ook baie duidelik dat die Kerk steeds as instituut funksioneer. Op die vraag "Waar lê die primêre fokus van

leierskap in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika?" het 30% van die respondente aangedui dat die fokus ten opsigte van leierskap primêr op predikante is, 28% op die Algemene Kommissie en 18% op die Kerkraad. Leierskap realiseer te veel gelokaliseerd in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Leierskap behoort meer lateraal te realiseer.

Die respondente is wel daarvan oortuig dat die vorm van die Kerk in 'n bepaalde konteks mag en ook kan verander. Effektiewe ontsluiting en ontluiking is dus die vrug en ook die gevolg van 'n kontekstuele benadering tot Kerkwees. Die Kerk mag nie langer as 'n geïsoleerde instituut bestaan nie. Gesonde interaksie en wisselwerking met 'n wêreld daar buite kan vir die Kerk inderdaad stimulerend wees.

Al die respondente (100%) het aangedui dat gemeentelike leierskap in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika noodsaaklik is vir die opbou van die gemeente. Op grond van die empiriese navorsing wil dit tog voorkom asof effektiewe leierskap in die transformasie van gemeentes 'n meer beduidende rol kan speel.
Effektiewe leierskap is die proses waardeur die gaping tussen die gemeente as gedefinieerde subjek en die gemeente as empiriese subjek sinvol bestuur kan word.

# HOOFSTUK 7

# KERKLEIERSKAP AS BEMIDDELING VAN 'N ONMOONTLIKE WERKLIKHEID

## 7.1 INLEIDING

Vanuit die verstaan dat die Kerk nie meganies (geïnstitusionaliseer) nie maar eerder organies geïnterpreteer moet word, is dit noodsaaklik om te aanvaar dat die Kerk relasioneel geposisioneer is. Die subjek-objekverhouding bring altyd weer 'n nuwe relasionele waarheid na vore.

Deur in interaksie te tree met die eksterne omgewing/konteks waarbinne die Kerk funksioneer word daar konstruktief meegewerk aan die opbou van God se koninkryk. Alleen in relasie met en tot 'n bepaalde omgewing word nuwe kontekste ontsluit. Oswald en Kroeger (1988:146) maak byvoorbeeld die uitspraak dat "Every parish is affected by what is or is not taking place in its immediate or distant environment ... How a congregation and its people relate to the context of their parish is a very important dimension of its on-going life."

Kerkleiers sal derhalwe met 'n bepaalde geopenheid moet leef. Die verhouding tussen Kerk en konteks (samelewing) sal met baie groter sensitiwiteit verdiskonteer moet word. Die Kerk staan inderdaad voor 'n geweldige uitdaging om die kulturele spanning in 'n Suid Afrikaanse konteks te hanteer. Die verhouding sal op 'n voortdurende basis ontsluit moet word.

Die kompleksiteit en chaos in 'n wêreld waarin Kerkwees moet realiseer, word dikwels die kontoere waarbinne die Kerk begelei word om kontekstueel relevant te bly. Verandering behoort sodanig bestuur te word dat die effek en impak daarvan konstruktief en positief ervaar word.

## 7.2 ONTLUIKENDE (ONTSLUITENDE) KERKE

In die bestuur van verandering is daar 'n neiging dat organisasies 'n kombinasie van 'n berekende benadering en 'n ontsluitende (emergent)

benadering volg. "In a stable environment where small, localised changes are called for, the changes are more planned and focus is placed on technical and structural changes. Emergent approaches are apt in a turbulent environment where changes affect the whole organisation and the focus is thus more on human resources and behaviour." (Stroh & Jaatinen 2001:148-165.)

Dit is noodsaaklik dat Kerkwees in ’n wêreld van verandering en kompleksiteit op ’n nuwe manier sal gebeur. Effektiewe ontsluiting (ontluiking) kan daartoe lei dat die vorm van die Kerk al minder tradisioneel gaan wees. In ’n kontekstuele perspektief op Kerkwees is dit nodig dat gemeentes sisteem-sensitief bly. Die ontsluiting van ’n spesifieke gemeente van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika in ’n bepaalde konteks kan daartoe lei dat die voorkoms van een gemeente anders is as die voorkoms van ’n volgende.

Doug Pagitt (soos aangehaal deur Niemandt 2007:49) voer aan dat die postmoderne konteks nuwe vrae aan die Kerk stel, wat 100 jaar gelede ondenkbaar was en waaraan niemand toe sou kon gedink het nie. Miskien moet ons as gelowiges nie net dink oor hoe ’n 21ste-eeuse Kerk lyk nie, maar nog dieper dink – hoe lyk ’n 21ste-eeuse geloof?

Ontluikende Kerke is Kerke wat die impak van die postmodernisme raaksien en dit waag om die Evangelie nuut en kreatief te preek en te leef. Volgens Niemandt (2007:50) soek ontluikende Kerke na die kernwaardes en wesenlike van die heel vroeë Christelike gemeentes. In ’n sekere sin vind daar ’n dekonstruksie plaas van wat Niemandt "Christenheid", noem en ’n rekonstruksie van die Christelike lewe in ’n nuwe wêreld.

’n Definisie of beskrywing van ontluikende Kerke sou as volg verwoord kan word (Niemandt 2007:51): "... ontluikende Kerke verteenwoordig ’n tipe Kerkwees wat aan die ontluik (ontsluit) is, maar nog nie volledig uitdrukking gevind het nie."

Michael Schrage (soos aangehaal deur Niemandt 2007:51) beskryf die krag van ontluikende Kerke as die krag van die prototipe. Volgens hom moet

hoofstroomkerke ontluikende Kerke koester as gawes aan die Kerk omdat dit die prototipes van Kerkwees in ’n nuwe wêreld is. Missionêre Kerke is moedige innoveerders wat ’n nuwe era kreatief inlui deur die nodige aanpasbare veranderinge aan te bring. Die geheim van hulle aanslag is hulle waagmoed (Niemandt 2007:53.)

Die volgende tabel vervat elemente van aanpasbare verandering en innovasie in ’n ontluikende Kerk:

**Tabel 7.1: Die Ontluikende Kerk**

| **Die Kerk is nie ...** | **Die Kerk is ...** |
|---|---|
| ’n plek of gebou waarheen ’n mens gaan nie | volgelinge van Jesus, waar hulle hulle ook al bevind |
| ’n byeenkoms op Sondae waar ’n mens na ’n preek kan luister en ’n klompie liedere saamsing nie | groepe volgelinge (dissipels) wat in die loop van die week bymekaarkom (in huise of waar ook al) en wat ook in ’n groter byeenkoms op ’n Sondag kan bymekaarkom |
| Christene wat op ’n Sondag Kerk toe gaan om godsdienstige dienste en toerusting te “verbruik” nie | die gelowiges wat saam aanbid en saam gestuur is na die wêreld |
| Christene wat op Sondae Kerk toe gaan om hulle inspirasie en geestelike voedsel vir die week wat voorlê, te ontvang nie | Christene wat as kinders van God diep afhanklik van hulle Here lewe en die hele week lank God aanbid en tot God bid |
| Christene wat gedurigdeur vra: “Wat kan hierdie Kerk vir my bied?” nie | Dissipels van Jesus wat gedurigdeur vra: “Hoe kan ek help en hierdie geloofsgemeenskap dien in sy roeping om na die wêreld toe te gaan” |
| ’n plek waarheen mense gaan sodat hulle leraars geestelike dinge vir hulle kan doen nie | ’n gemeenskap waar die leraars en ander leiers toerus vir hulle sending na die wêreld en om mekaar te dien |
| ’n plek waarheen mense hulle | ’n gemeenskap waar leiers jou help |

| | |
|---|---|
| kinders en tieners bring vir geestelike lesse terwyl hulle ’n preek ontvang en ’n paar liedere saamsing nie | en oplei om jou kinders en tieners te begelei op die pad van die Here en waar tieners en kinders deel van die geloofsgemeenskap gemaak word sodat hulle nie nog meer geïsoleerd leef nie |

Tabel aangehaal uit Nuwe Drome vir Nuwe Werklikhede (Niemandt 2007:54.)

Daar is reeds op verskeie plekke in hierdie dokument verwys na die feit dat die Kerk nie meer geïsoleerd en geïnstitusionaliseer (verwys na 3.4 – p. 66) mag wees nie. ’n Ontluikende Kerk toon inherent die strewe om Kerkwees buite die grense van die aanvaarbare “norm” te laat plaasvind. Kontekstuele bediening begelei die Kerk om effektief te ontsluit binne die konteks waarbinne ’n spesifieke gemeente funksioneer.

Dit sou bloot natuurlik wees om gemeentes wat die kenmerke of eienskappe toon van ’n ontluikende Kerk “struktureel” of “organisatories” te groepeer. Indien die Kerk relasioneel ontsluit en ’n bepaalde “vorm” kry, sou daardie vorm in elke nuwe konteks uniek en eiesoortig wees. Volgens die agenda van die Algemene Sinode van NG Kerk (Deel 1: Dokumentebundel 2007:45) begin meer mense die Kerk sien as ’n beweging van dissipels. Vir hulle maak ’n rigiede, ordelike struktuur/instituut nie meer sin nie en behoort dit gedekonstrueer te word.

Hoe ouer ’n Kerk en gemeente is, hoe groter die neiging om terug te val na die verlede, na dit wat bekend en rigied (vaste strukture) is. Die tendens om terug te val na die verlede, eerder as om in dinamiese interaksie met die hede of hoopvol ten opsigte van die toekoms te leef, word grotendeels onder ouer Kerke aangetref.

Tot en met die Eerste Wêreldoorlog het Kerkgroei direk gekorreleer met bevolkingsgroei. Na die traumatiese gebeure van daardie tyd het Kerke egter ’n dramatiese afname in groei getoon.

Ondersoeke na die Kerkgroei/-afname is baie relatief:

- Die “halo-effek” verminder. Mense sê al hoe minder dat hulle wel Kerk toe gaan.
- Met die afname in denominasie-lojaliteit, aanvaar al minder mense lidmaatskap van ’n spesifieke denominasie (“church hoppers”).
- Diegene wat nog gereeld Kerk toe gaan, gaan al hoe minder gereeld na hulle Kerke toe.

“Nuweparadigmakerke”, “Nuwereformasiekerke” en “Nuwe ‘Apostoliese’ Kerke” tree op die voorgrond, en daar is ook Kerke wat radikale groei toon, ten spyte van geweldige afname in getalle. Die vraag is of die hoofstroomkerke kan herorganiseer en of herlewing moontlik is. Tyd is ’n realiteit waarmee die Kerk egter sal moet rekening hou. In die wêreld van kompleksiteit het verandering so versnel dat verandering opsigself diskontinu en chaoties geword het.

## 7.3 SAMEVATTING

Teruggrypend na die metodologiese modelle van Zerfass en Heitink wat in hoofstuk 1 (verwys na bladsy 11-13) bespreek word, is dit nodig dat daar vanuit ’n bepaalde praxis (1) tot nuwe teorievorming beweeg sal word, wat weer tot ’n nuwe praxis (2) kan lei. Teorie en praxis is altyd onlosmaaklik aan mekaar verbonde. Zerfass toon in hierdie model baie duidelik aan dat die prakties-teologiese teorie ’n bespreking en besinning is oor die kerklike en geloofspraxis en ’n beplanning is vir die kerklike en geloofspraxis.

Die teoretiese bronne word ondersoek vanuit die probleemstelling (Verwys na bladsy 14): Kerke en gemeentes blyk ’n onvermoë te openbaar om binne ’n postmoderne samelewing sinvol en effektief Kerk van die Here te wees.

Die hipotese wat die empiriese ondersoek gerig het, is getoets en geverifieer: Kerkleierskap is ’n medium waardeur die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en gemeentes begelei kan word tot effektiewe gemeentebou/Kerkwees.

Vanuit die empiriese ondersoek het die volgende fokuspunte die probleemstelling toegelig:

- 70% van die respondente het aangedui dat die verhouding tussen Kerk en samelewing as 'n spanningsverhouding beleef word.
- Die Kerk bevind haarself in 'n veranderende wêreld. 91% van die respondente het inderdaad aangetoon dat verandering in hulle gemeentes noodsaaklik is.
- Leierskap in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika word te veel gelokaliseer. Leierskap realiseer (in rang orde) hoofsaaklik op die volgende drie vlakke: predikante, Algemene Kommissie en die Kerkrade.
- 94% van die respondente het aangedui dat gemeentelike vernuwing in die Nederduitsch Hervormde Kerk noodsaaklik is.
- Effektiewe leierskap kan 'n gemeente daartoe begelei om sinvol te vernuwe.

## 7.4 RIGLYNE VIR 'N NUWE BEDIENINGSPRAKTYK

Die implikasie van die prakties-teologiese teorie op leierskap in die Nederduistch Hervormde Kerk van Afrika kan soos volg saamgevat word:

- Daar is op gemeentelike vlak groter sensitiwiteit nodig vir mense met andersoortige denke en perspektiewe. Een van die kenmerke van die postmoderne samelewing is die sensitiwiteit vir pluraliteit en die akkommodering van diversiteit.
- Die verband tussen premodernisme, modernisme en die postmodernisme kan nie opeenvolgend nie, maar eerder as gelyklopend beskryf word. Die gereformeerde teologie het egter die verantwoordelikheid om toe te sien dat die verstaan van die teks (Skrif) en die verstaan van die konteks (die mens binne die tydsgees van die hede) hermeneuties op mekaar betrek word.
- Predikers behoort met groter sensitiwiteit rekening te hou met die behoeftes en die postmoderne ingesteldheid van die jeug en moet derhalwe hermeneuties verantwoordbaar bly.
- Waar en indien nodig sal elke gemeente die nodige strukturele aanpassings moet maak om meer effektief gemeente van Jesus Christus te wees.

- Verandering kan in die gemeentes onder leiding van effektiewe leierskap meer sinvol bestuur word.
- Effektiewe leierskap sal ’n deurslaggewende rol kon lewer tot konstruktiewe gemeentebou. Leierskap in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika behoort sodanig ontwikkel word dat konstruktiewe gemeentebou kan plaasvind.
- Die voorkoms van die Kerk in ’n nuwe samelewing kan beskryf word as ’n verhoudingsnetwerk (’n relasionele perspektief). Die implikasie hiervan is dat die Kerk in terme van die konteks waarin sy haar bevind meer oop en toeganklik behoort te wees.
- Dit is nodig dat leierskap kollektief en geïntegreerd tot stand kom. Elke lidmaat in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika behoort die verantwoordelikheid en eienaarskap te aanvaar vir wie en wat die Kerk in wese is.
- Die identiteit van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika moet gevind word en tot uitdrukking kom in radikale navolgingskap van Jesus Christus. Hierin is leierskap van kritiese belang.

Die Kerk bevind haarself in ’n postmoderne samelewing wat in terme van haar lewensiklus, tentatief en onseker voorkom. Dit het onafwendbaar tot gevolg dat die Kerk se rol binne ’n veranderende samelewing herbesin word en in ’n nuwe lewensiklus tot uitdrukking kom.

Verandering is ’n werklikheid waarmee die Kerk voortdurend sal moet rekening hou. Die gevolg is dat die Kerk haarself binne ’n oop sisteem bevind. Binne oop sisteme word die Kerk begelei om oop en toeganklik te funksioneer. Dit is dus duidelik dat die Kerk nie maganies nie, maar organies funksioneer en dat daar in terme van haar konteks ontsluiting behoort plaas te vind.

Die doel van hierdie navorsing was nie om die aard en die voorkoms van ontluikende Kerke per se na te vors nie. Daar word wel gepoog om die Kerk bewus te maak van ’n groter openheid en sensitiwiteit teenoor die tydsgees waarin sy haar bevind. Dit het uiteraard tot gevolg dat die Kerk meer inklussief en organies funksioneer.

Kerkleierskap is ten diepste vormgewend van aard en speel in die transformasie van gemeentes 'n beduidende rol speel. Hierdie studie is 'n poging om die Nederduistch Hervormde Kerk van Afrika nuut te laat dink oor leierskap en die impak daarvan op die lewensiklus van 'n gemeente.

Die doel van hierdie navorsing is om die handelende geloofsgemeenskap op grond van doelgerigte leierskap en effektiewe gemeentebestuur te begelei tot 'n nuwe verhouding met 'n steeds veranderende en transformerende wêreld.

Kerkleierskap is inderdaad 'n medium waardeur die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika begelei kan word tot effektiewe gemeentebou.